Lied van die vallei – Athol Fugard

VOORGESTELDE ANTWOORDE

HANDELINGSGEHEEL 1

1. Dit skep ‘n atmosfeer van intimiteit

2. Die dorpie is Nieu-Bethesda, of die Vallei, soos die inwoners van die omgewing daarna verwys.

3. Hy is hartstogtelik lief vir die Vallei. Dit blyk uit die ekstase en die liriese taalgebruik waarmee hy die aanvang van die lente in sy Vallei beskryf.

4. Dit begin met ‘n pampoenpit, ‘n gebed vir reën en ‘n gat in die grond.

5. Dit is winter.

6. Dit verhoed dat dit gedurende die lang, koue wintermaande deur honger muise opgevreet word.

7. Dit is letterlik wanneer die kop van die berg, Spitskop, bedek is met reënwolke. Figuurlik gesproke dui dit op die vreugde van Spitskop, asook die Vallei en sy inwoners, oor die koms van die reën(wolke).

8. Die toneel speel af in Nieu-Bethesda, ‘n Karoo-dorpie in die Oos-Kaap. Die inwoners van die omstreke verwys na die dorpie en sy onmiddellike omgewing as die Vallei, aangesien dit geleë is in die vallei in die Sneeuberge waarvan Spitskop die hoogste piek is.

   Die grond in die Vallei is besonder vrugbaar, want Die Skrywer sê dat alles daar floreer – pampoen, kool, wortels, beet, boontjies, ensovoorts.

   Die winters in die Vallei is lank en baie koud en die grond is kliphard en kurkdroog van die ryp. Teen die lente kry die Vallei sy eerste reën, dan is die gevaar van laatryp verby en ‘n mens kry die reuk van nat grond wat meng met die geur van rose en dennebome.

   Die tipiese klanke van die lente in die Vallei is dié van voëls wat sing, lammers wat

blêr en kinders wat raas. Dit is ook die tyd wanneer ‘n mens jou blikkies pitte van die rak afhaal en begin plant.

9. Op ‘n tipiese lentedag in die Vallei sal ‘n mens die grond ruik, nat van die eerste lentereën. Die reuk sal meng met die geur van die rose en dennebome. ‘n Mens sal voëls hoor sing, lammers hoor blêr en kinders hoor raas. Jy sal waarskynlik ook vir Ou Buks sy pampoensaad sien plant in sy akkers agter die ou Landman-huis.

10.1 Buks was ‘n korporaal in die beroemde Kleurlingregiment, die Kaapse Korps, tydens die Tweede Wêreldoorlog en hy het in die ou Transvaal krygsgevangenes opgepas. Hy het met een van die gevangenes bevriend geraak en dié het vir hom ‘n paar Italiaanse liedjies geleer. Die enigste herinnering wat Buks nog aan dié tyd het, is een van die liedjies wat hy gedeeltelik onthou. Alle tasbare herinnerings soos sy lapelwapens, ontslagpapiere, ensovoorts is weg of deur die tyd verweer.

10.2 Dit blyk uit al die inligting aangaande Buks se verlede en lewe wat hy met die gehoor deel.

11. Buks wil hê sy pampoenplantjies moet opkom in rye so reguit as die rye wat die sersant-majoor op die Sonderwater-paradegrond gedril het waar hy korporaal was tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy dink terug aan daardie dae en probeer een van die liedjies onthou.

12. Dit dui aan dat die bewegings van “spit” en “plant” mimiek moet word.

13. Die Skrywer is hartstogtelik lief vir sy Vallei. Hy is iemand wat ná aan die aarde leef en baie bewus is van die siklus van lewe: Die pampoensaad word in die vrugbare grond geplant, kom die sonskyn en reën, groei dit en uiteindelik oes ‘n mens platwitboerpampoene waarvan die saad met die volgende seisoen weer dieselfde siklus deurloop.

14. Die Skrywer openbaar ‘n deernis met Buks wat gebaseer is op ‘n gemeenskaplike liefde: die liefde vir die Vallei en die aarde.

<u>HANDELINGSGEHEEL 2</u>

15. Buks probeer die liedjie sing wat die Italiaanse krygsgevangene vir hom geleer het.

15.1 Dit is sy enigste herinnering aan die tyd wat hy korporaal was in die Kleurlingregiment.

15.2 Sy roep hom vir middagete.

15.3 Hy probeer die woorde onthou en Veronica steur sy gedagtegang.

16. Hy groet haar op ‘n “sersant-majoor-toon” met tipiese dril-taal.

16.1 Hy is in sy gedagtes terug in sy peloton.

17. Dit is duidelik ‘n liefdevolle verhouding tussen oupa en kleindogter, waar Veronica die rol van die versorger speel.

18. Hy het nooit iemand geskiet nie.

19. Hy dink met genoegdoening aan sy tyd as soldaat en ‘n liedjie daaroor bring die herinneringe terug en vul hom met trots.

20. Hy is trots.

21. Hy is bekommerd oor die wit man wat die oggend vir die derde keer na die Landman-huis kom kyk het.

22. Dié man het, anders as die ander, ernstig gelyk en hy het ook ‘n sleutel vir die huis gehad.

23. Hy suggereer dat sy houding meerderwaardig was.

24. Buks se denke is gewortel in die waardes van die ou apartheidsregime. Hy is baie bewus van sy “minderwaardige” rasse-status met geen geleerdheid of geleenthede nie en hy vrees wat die wit mens met sy gesag en bevoorregte finansiële posisie aan hom kan doen, waarvan die ergste vir hom sal wees om die geleentheid ontsê te word om die akkers te bewerk wat hy sy lewe lank al doen.

25. Buks verteenwoordig die ou Suid-Afrika. Hy is pynlik bewus van sy “mindere” status as bruin man met feitlik geen opleiding nie en weinig geleenthede. Hy is nie baie optimisties oor die toekoms nie. Sy herinneringe aan sy soldatedae is in teenstelling hiermee positief – dit was ‘n tyd toe hy ‘n gesagsposisie beklee het en die aansien van iemand met ‘n rang geniet het.

Veronica verteenwoordig die jeug van die nuwe Suid-Afrika. Sy onthou nouliks die ongeregtighede en gruwels van apartheid in die ou Suid-Afrika. Daarom is sy ook nie bang soos haar oupa nie en verstaan sy nie sy bekommernis nie.

HANDELINGSGEHEEL 3

26.1 Kattekwaad verwys na die ondeundhede waarmee jong kinders hulself vermaak. Buks vra vir Veronica watter "kattekwaad" sy die oggend aangevang het, asof sy eerder 'n sewejarige as 'n sewentienjarige dogter is.

26.2 Volgens Veronica is sy verveeld omdat hul dorpie nie vir haar avontuur en romanse bied nie. Daar "gebeur" niks op hul dorpie nie. Buks is verstom dat Veronica kan dink dat daar niks gebeur nie, terwyl hy jaarliks wonderwerke sien gebeur wanneer die groente groei uit die pitte wat hy in die akkers plant.

26.3 Buks glo dat dit genoeg is dat die mense in die dorp en God vir Veronica hoor sing, maar Veronica wil nie dieselfde liedjies oor en oor vir dieselfde mense sing nie – sy wil vir baie meer mense sing.

27. Die retoriese uitroep ("o") verander dit in 'n uitroep van intense emosie – die spoorwegbus word 'n voorwerp van verlange, dít wat Veronica tot by haar droom kan neem.

28. Die verwysing na die spoorwegbus roep herinneringe op aan sy dogter, Caroline, Veronica se ma – "dinge wat (hy) jare lank probeer vergeet". Caroline het naamlik op 'n spoorwegbus geklim toe sy van haar ouerhuis af weggeloop het saam met 'n kêrel. Sy het nooit teruggekom nie. Sy is oorlede in 'n hospitaal in Johannesburg nadat sy aan Veronica geboorte geskenk het.

29. Hy sê dit maak hom seer om oor Caroline te praat.

30. Dit maak hom waarskynlik regtig bang omdat hy 'n herhaling van die geskiedenis vrees.

31. Hy wil nie sy vrees met Veronica deel nie, daarom gebruik hy "verstom" terwyl hy regtig eintlik bang is.

32. Miskien is Buks bang dat Veronica nie net na haar ma lyk nie, maar ook na haar aard en dat sy dus ook van die huis af sal wegloop.

33. Veronica het van die begin af nie gehuil nie, maar gesing.

34. Daar is 'n "oomblik van innigheid" tussen Veronica en haar oupa wanneer sy hom verseker dat sy hande, wat haar versorg het na haar ouma se dood, mooi is. Veronica besluit ook om nie weer die liedjie oor die spoorwegbus te sing as dit haar oupa ontstel nie, maar eerder die liedjie oor hom as soldaat.

35. Buks vra min van die lewe. Hy is tevrede met sy bestaan in die klein dorpie en die “wonderwerke” wat hy jaarliks beleef as die akkers wat hy bewerk hom die bevrediging bied van pampoene en ander groente om hom en Veronica te voed.

Hy vermy om oor die verlede te praat, want sy herinnering aan Caroline ontstel hom.

Veronica is ‘n jong meisie op soek na avontuur en romanse. Sy besit die kreatiewe gees van die kunstenaar, skryf haar eie liedjies en droom daarvan om uit te breek uit die benouende grense van hul klein dorpie en haar ideaal van roem en bewondering as sanger na te jaag.

Veronica is ook sensitief vir haar oupa se wense en sy seerkry.

HANDELINGSGEHEEL 4

36. Buks het niemand behalwe Veronica om sy bekommernisse mee te deel nie en hy kan dit nie met haar deel nie omdat sy een van sy bekommernisse is. Hy voel “onkapabel” om alles self te hanteer.

37. Buks vertel vir Bettie (sy oorlede vrou) van Veronica wat rusteloos raak en amper so oud is as wat Caroline was toe sy weggeloop het. Hy vertel ook van die wit man wat na die Landman-huis kom kyk het en sy bekommernis oor die akkers wat hy dalk kan verloor as die man die huis koop.

38. Aan die begin van die toneelstuk het Die Skrywer gesê dat dit nog nie tyd is om die pampoenpitte te plant nie aangesien dit winter is. Buks sê nou vir sy vrou dat die pitte geplant is, wat beteken dat dit reeds lente geword het.

HANDELINGSGEHEEL 5

39. Mevrou Jooste kyk televisie tot baie laat in die nag en haar gordyne is altyd oop sodat Veronica, as sy op iets staan, die televisieskerm kan sien. Mevrou Jooste hou, net soos Veronica, ook baie van musiek.

40. Hy hou van Veronica se sang en hy het empatie met haar droom.

41. Veronica droom daarvan om ‘n beroemde sangeres te word wat in al die groot stede optree en oral haar gehoor aan haar voete sal hê. Sy sal ook op TV sing in ‘n blink groen rok met groen skoene en lang handskoene en blinkertjies in haar hare.

42. Alfred droom daarvan om ‘n werk te kry sodat hy vir hom oom Basie Koopman se ou tweedehandse fiets kan koop.

43. Dit is die klein droom van ‘n bangbroek. Iemand met moed, droom groot – van ‘n groot, nuwe, blink, swart fiets met ‘n klokkie en lig en pomp.

44. Vir Veronica moet ‘n mens se droom die “spesiaalste dinge wees wat jy jou kan verbeel”. Dit moet ‘n groot droom wees en ‘n mens moet dit “reg” droom, met ander woorde jy moet glo dat dit wat jy droom, sal gebeur. Die Skrywer dink dit is meer verstandig om klein te droom, want dan is die kans dat jy teleurgestel word ook kleiner.

Die Skrywer se siening verskil só van Veronica s’n omdat hy reeds die teleurstelling van verydelde drome beleef het.

HANDELINGSGEHEEL 6

45. Die psalm dui op Die Skrywer se sensitiwiteit vir die kwessie van grondbesit – hy is immers besig om te oorweeg om die Landman-huis te koop met die akkers wat Buks so getrou bewerk. Buks verteenwoordig dalk vir Die Skrywer diegene wat “rein van hande en suiwer van hart” is en dus ‘n plek verdien op die “berg van die Here”.

46. Die inhoud van die psalm sluit aan by die kwessie van grondbesit in die drama. Die Skrywer wonder later watter reg hy eintlik op die grond het. Maak die paar duisend rand wat hy daarvoor betaal hom die eienaar? Hy dink dat hy beter sou voel as die Here se handtekening op die transportakte was, want die “aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan”.

47. Die Skrywer besef dat eienaarskap nie ‘n eenvoudige kwessie is nie, dat die aarde met sy volheid eintlik behoort aan die Skepper daarvan en dat eenvoudige, opregte mense met suiwer harte, soos Buks, ewe veel reg op die aarde het as ander wat dink dat hul geld die aarde kan koop. Maar dit gaan om nog meer as dit: Dit gaan om Die Skrywer se skuldgevoelens. Hy voel skuldig omdat hy as voorheen bevoordeelde wit man in blanke Suid-Afrika toegang gehad tot die lewensmiddele wat hom op hierdie stadium in staat stel om grond te koop wat dalk eintlik vir Buks toekom.

HANDELINGSGEHEEL 7

48 Dit dui waarskynlik op tydsverloop: vanaf winter na lente na Kersfees en dus somer.

HANDELINGSGEHEEL 8

49. Dit klink of Die Skrywer intussen besluit het om die Landman-huis te koop – iets wat in die vorige handelingsgeheel nog onduidelik was.

50. Sy kan nie alleen probeer glo dat dit nie sal gebeur nie.

51. Hy is bang hy verloor die voorreg om die akkers te bewerk wat hy al die jare reeds doen.

52. Hulle kan ‘n petisie opstel en daarmee na die regering gaan – die regering gee grond terug aan die mense aan wie dit eintlik behoort.

53. Buks dink dis nie ‘n goeie plan nie aangesien die regering in die eerste plek nie eers sal weet waar hulle klein dorpie geleë is nie. Hy glo ook dat die regering niks kosteloos doen nie en dat hulle net moeilikheid kan veroorsaak.

54. Buks glo die Here help diegene wat hulleself help, dus dink hy die beste plan van aksie is om self met die wit man te gaan praat oor die akkers.

55. Buks dink as Die Skrywer die huis koop, restoureer en self daar kom woon, daar dalk ‘n werksgeleentheid vir Veronica in die huis kan wees.

56. Sy wil nie huiswerk doen nie, sy wil sing.

57. Buks voel dat Veronica se houding haar ouma, wat haar lewe lank daardie huis skoongemaak het, beledig. Haar houding is vir Buks ‘n teken van ondankbaarheid en ‘n totale verwerping van alle waardes wat vir hom belangrik is.

58. Buks sê dat hy al gekruip en gebedel het in sy lewe en dit weer sal doen as dit is wat nodig is sodat daar kos op die tafel kan wees om Veronica te voed.

59. Buks se lewensuitkyk is gewortel in die apartheidsdenke waarmee hy grootgeword het. As bruin man is hy nooit toegelaat om grond te besit nie, slegs om dit te bewerk. As die grond nou deur ‘n wit man gekoop word, bestaan die moontlikheid dat hy selfs die reg verloor om daardie grond te bewerk.

Veronica daarenteen word groot in die jare na apartheid en wil die grondsaak by die regering aanhangig maak. Sy is bewus van die politieke regte wat hulle as voorheen benadeeldes nou besit. Sy is nie meer bereid om, soos Buks, die rol van 'n "armsalige Kleurling" te speel wat gedurig kruip en bedel voor die wit man nie.

60.1 Veronica is verteenwoordigend van die jeug. Sy droom van 'n toekoms as sanger. Sy hoop dat die toekoms beter sal wees as die verlede en sy is ongeduldig om daardie toekoms te beproef en haar drome en hoop te bewaarheid. Buks, as verteenwoordiger van die ouderdom, is bang vir verandering. Sy sekuriteit lê in die bekende van die verlede en hy wonder wat word "van al die soetigheid in die wêreld". In hierdie kontrasterende lewensingesteldhede lê die kiem vir konflik tussen jeug en ouderdom.

60.2 Veronica se ambisie om sanger te word in die grootstad, Johannesburg, bring haar in direkte konflik met haar oupa, wat vir haar dieselfde begeer as vir sy vrou – 'n veilige inkomste as skoonmaker in die Landman-huis. Haar verwerping van haar oupa se konserwatiewe idees oor haar toekoms veroorsaak vir die ou man pyn – hy beleef dit as 'n belediging van die nagedagtenis van haar ouma.

HANDELINGSGEHEEL 9

61. Die huis was verwaarloos, met vrot vloerplanke, gebreekte vensterruite, 'n dak wat lek en pleister wat oral van die mure afval. Hy sou baie geld moes bestee om dit weer bewoonbaar te maak.

62. Hy wou graag weer sy eie stukkie grond in die Karoo besit, waar sy geboortegrond was, waar hy groente-akkers sou hê, 'n prieel by die kombuisdeur en 'n vrugteboord en windpomp.

63. Die Skrywer gee daarmee te kenne dat Buks 'n onderdanige houding ingeneem het, tipies van die bruin man wat gewoond is aan onderdrukking. Deur "mooi" tussen aanhalingstekens te plaas, suggereer Die Skrywer dat hy nie die onderdanigheid noodwendig as "mooi" sien nie. Hy lewer daardeur dus eintlik kritiek op die houding van die onderdukker van die apartheidsjare.

64. Hy wil waarskynlik hê Die Skrywer moet sien watter sukses hy met die grond behaal sodat hy hom gunstig sal oorweeg as bewerker van die akkers indien hy wel die huis sou koop.

65. Die Skrywer sê dat hy nog daaroor dink.

66. Indien Die Skrywer nog getwyfel het of hy die huis wil koop, oorreed die kwaliteit van die groente hom om Buks se grootste vrees te bewaarheid – om wel die huis te koop.

67. Buks het sy groente gebring juis toe Die Skrywer sat was vir die "dolheid en die verbete geworstel vir 'n bestaan in die toneelwêreld" en hy verlang het na 'n lewe wat bestaan uit die "basiese" en "egte" dinge. Buks se groente het vir Die Skrywer dié soort lewe versinnebeeld.

68. Die Skrywer dink hoe hy op sy stukkie grond sal sit en vrede maak met homself, maar die koop van die grond versteur feitlik onmiddellik sy gemoedsrus.

69. Dit pla hom dat hy nou die besitter is van die grond wat eers Buks se pa, Jaap, en na Jaap Buks self bewerk het, grond waarin hy sê Buks se wortels so diep lê soos dié van die ou okkerneutboom langs die windpomp. Hy weet nie of die handtekening op die transportakte die grond regtig syne maak nie. Behoort die aarde met die volheid daarvan nie in die eerste plek aan die Here nie? Of dan aan die mense wat dit al die jare liefgehad en bewerk het, maar eienaarskap geweier is op grond van hul velkleur?

70. Hy besef dat die aarde eerstens aan die Here behoort en die transportakte is slegs op sy naam omdat hy, as deel van die voorheen bevoordeelde groep, oor die middele beskik om die grond te bekom wat eintlik vir Buks toekom.

71. Die tema van grondbesit en eienaarskap

72. Die Skrywer is sensitief oor sy staat van eienaarskap. Hy is baie bewus van die feit dat die grond slegs in sy besit is omdat hy deel van die besittersklas was in 'n regime wat hom bevoordeel het omdat hy wit was. Hy voel skuldig teenoor Buks daaroor. Buks daarenteen openbaar die houding van iemand wat onderdruk was en daaraan gewoond geraak het. Hy bevraagteken nie Die Skrywer se besitterskap nie, maar aanvaar dit as norm.

<u>HANDELINGSGEHEEL 10</u>

73. Veronica is opstandig oor haar oupa se verslawing aan die akkers wat sy glo sy lewe vir hom beheer. Sy voel die akkers besit haar oupa en laat hom nie toe om aan iets anders te dink of vir iets anders te bid of te leef nie. Sy glo dat dié verslawing die oorsaak was daarvan dat haar ma weggeloop het en sy vrees dat dit ook haar lewe kan beheer.

74. Die Skrywer dink dat mevrou Jooste se dood Veronica se droom ook sal laat sterf.

75. Veronica glo daar is nog ander maniere om te droom, dus sal sy nie ophou droom nie.
76. ‘n Droom wat nie waar word nie, kan tot seerkry lei, glo Die Skrywer, want ‘n verydelde droom kan bitterheid veroorsaak.

77. Hy sê dat drome nie in die Vallei aard nie.

78. In hierdie handelingsgeheel is Veronica weer eens verteenwoordigend van die jeug met sy drome en hoop vir die toekoms, terwyl Die Skrywer staan vir die ouderdom wat baie van sy idealisme verloor het en skepties is oor die optimisme van die jeug.

HANDELINGSGEHEEL 11

79. Die “toneel” wat deur Veronica verlaat word verwys na die toneel van haar gesprek met Die Skrywer.

80. Sy sing haar liedjies vir die dorpsmense.

81. Sy sing spesifiek vir die wit mense wat haar kan betaal.

HANDELINGSGEHEEL 12

82. Sy het ‘n brief van haar vriendin, Priscilla, uit Johannesburg gaan soek.

83. Buks is bekommerd oor die rusteloosheid wat hy in Veronica waarneem en hy het vermoed dat die brief dalk inligting kan bevat wat hom sal ontstel.

84. Sy kyk nie heeltyd op die brief terwyl sy lees nie, maar van die brief na haar oupa en dan in die lug op.

85. Buks is aanvanklik “stomgeslaan” oor haar leuen en weet nie hoe om te reageer nie. Hy is nie gewoond daaraan dat Veronica vir hom leuens vertel nie.

86. Veronica sê dat haar oupa nie die *reg* gehad het om haar brief oop te maak nie.

87. Priscilla se woorde dat Eldorado Park ‘n “mal plek” is, dat daar “baie mal dinge” gebeur in Johannesburg en dat sy vir Veronica alles sal gaan wys, kan ‘n ouer bekommerd maak.

88. Buks is bekommerd dat Veronica dieselfde paadjie as haar ma gaan loop – skelm wegloop van die huis af. Hy het dit immers reeds beleef met sy eie dogter en hy sien daagliks hoe baie sy kleindogter na haar ma lyk en aard.

89. Hy onthou dat Caroline se wegloop ook met leuens en geheime begin het, net soos Veronica se leuens en geheimsinnigheid nou oor die inhoud van die brief.

90. Hy verdink haar daarvan dat sy agter sy rug gekonkel het om weg te loop, want sy het nie oop kaarte met hom gespeel oor haar planne nie.

90.1 Dit is geld wat sy agter sy rug verdien het sonder sy medewete en dit is die geld wat sy wil gebruik om weg te loop Johannesburg toe. Hy sien dit ook as geld wat sy by wit mense gebedel het.

90.2 Buks het kort tevore vir Veronica gesê dat hy al by wit mense "gekruip en gebedel" het in sy lewe en dat hy dit weer sal doen as dit nodig is vir kos op die tafel. Net soos sy pa voor hom het hy sy lewe lank vir wit mense gewerk en van hulle geld gekry vir die werk wat hy gedoen het. Nou mag Veronica volgens hom dit nie doen nie.

91. Hy verwys na Satan.

92. Die spanning tussen Buks en Veronica bereik hier 'n hoogtepunt wanneer hulle openlik met mekaar bots.

93. Die krisis wat volg op die klimaks is die breuk in die vertrouensverhouding tussen Buks en Veronica. Buks se uitbarsting het Veronica se lied stilgemaak. Sy kan die Sondag in die kerk nie saamsing nie en vind geen vreugde in die musiek of in die wonder van God se skepping wat Buks haar probeer wys nie.

94. In hierdie handelingseenheid is dit hoofsaaklik Veronica se droom om in Johannesburg 'n beroemde sanger te word, wat lei tot die konflik met haar oupa. Haar jeugdige voortvarendheid maak haar blind vir haar oupa se vrese dat sy dieselfde pad as haar ma sal loop, dat sy geestelik ten gronde sal gaan in die grootstad.

<u>HANDELINGSGEHEEL 13</u>

95. Die Skrywer is sensitief vir die ondertone in die psalm wat sy skuldgevoelens oor die grondbesit aanspreek. As verteller weet hy ook dat nie Buks of Veronica die inhoud van die kerkdiens aan die gehoor sal bekendmaak nie, aangesien albei van hulle met hul eie seerkry worstel.

96. Vir Buks behoort die psalm ‘n bevestiging te wees van die feit dat hy sy God kan vertrou om na Veronica te kyk en haar siel te bewaar van alle onheil, sou hy haar vrylaat om haar droom in Johannesburg na te jaag. Vir Veronica kan die psalm ‘n troos wees wanneer sy dink aan haar droom om Johannesburg toe te gaan.

HANDELINGSGEHEEL 14

97. Haar oupa staan vierkantig in die pad van haar droom om ‘n sanger te word. Sy hantering van haar droom het die vreugde van haar lied doodgesmoor.

98. Hy is waarskynlik net so min lus om te sing as Veronica omdat sy hart ook swaar voel, maar hy weier koppig om te wys hoe hy voel.

99. Buks dink aan Spitskop in die Sneeuberge. Dit is ‘n aanduiding van hoe klein Buks se wêreld is. Die Sneeuberge is waarskynlik die enigste berge wat hy ken.

100. Sing en bid is albei handelinge waardeur sy God verheerlik.

101. Sy kommunikeer nie soos in die verlede met haar oupa nie. Haar antwoorde op haar oupa se vrae, indien sy wel antwoord, bestaan uit enkelwoorde of frases. Dit kontrasteer sterk met die spontaneïteit van hul kommunikasie in die verlede.

HANDELINGSGEHEEL 15

102. Dit is weer winter.

103. Die omgewing is “koud en kleurloos, sonder lewe, asof die wêreld doodgebloei het”. As sulks weerspieël dit die gebrek aan warmte in die verhouding tussen Buks en Veronica, asook die doodsheid wat albei in hul siele ervaar.

104. Buks se wolmussie is laag oor sy ore afgetrek en sy hande is diep in die sakke van sy baadjie terwyl hy verby Die Skrywer skuifel Sy houding spreek van sy ‘verslane’ gees. Hy voel asof hy alles wat vir hom belangrik was in die lewe, verloor het.

105. Hy is by wyse van spreke ‘n “spook” van die man wat hy eens was. Hy is verslaan deur die lewe.

106. Hy het sy kind en sy vrou verloor, staan op die punt om dalk sy grond te verloor en nou is Veronica se gelag en musiek ook stil.

107. Wat het hy verkeerd gedoen (in die opvoeding van sy kind en kleinkind)?

108.1 Buks se droom was om ‘n “goeie” man te wees.

108.2 Sy pa het vir hom eenvoudige raad gegee hoe om sy droom te verwesenlik: Hy moet hard werk op die akkers, in sy huis almal liefhê en ook sy naaste en hy moet God aanbid en Hom dank vir sy seëninge. Dan, het sy pa belowe, sal die lewe selfs soeter wees as die soetste hanepootkorrels. Dit het Buks na die beste van sy vermoë gedoen, maar die lewe het hom verraai, want sy dae is so bitter soos aalwynsap.

HANDELINGSGEHEEL 16

109. Hy praat met Caroline.

109.1 Hy dink dat sy teruggekom het.

110. Buks is so verwar deur die breuk in sy verhouding met Veronica dat hy haar aansien vir Caroline.

111. Sy sing vir hom.

112. Sy verwys daarna dat sy moet weggaan om haar droom te verwesenlik.

113. ‘n Klein saadjie groei tot ‘n pampoen deur die water en versorging wat Buks dit gee. Veronica het ook gegroei deur die liefdevolle versorging van haar oupa, maar haar tyd is ryp om die huis te verlaat sodat sy kan sing. Soos Buks sy groente versorg, moet sy haar sang versorg sodat sy kan groei tot die groot kunstenaaar wat sy bestem is om te wees. Sy kan slegs lewe in en deur haar sang.

114. Dit is ‘n vergelyking wat binne haar oupa se verwysingsveld val.

115. Jeug sien kans vir die avontuur van die onbekende terwyl ouderdom vasklou aan die bekende wat vir hulle veiligheid waarborg.

116. Veronica verduidelik vir Buks haar droom, sê dat sy opvoeding haar sterk gemaak het om die slegte wêreld die hoof te bied en vra sy seën op haar, wat hy dan gee.

117. Die lied verwoord die tweespalt in haar gemoed oor haar weggaan – enersyds is sy opgewonde en weet sy dat haar weggaan noodsaaklik is vir haar groei. Andersyds breek die afskeid van haar geliefde, bekende Vallei haar hart.

HANDELINGSGEHEEL 17

118. Hy probeer haar oorreed om aan haar oupa te dink en sy geluk voorop te stel. Hy sê dat sy moet teruggaan en haar oupa se laaste jare gelukkige jare maak.

119. Hy sê dat haar oupa nie kan verstaan dat hy haar ook nou moet verloor na alles waarvan hy reeds in die lewe moes afstand doen nie.

120. Haar besluit voel vir haar soos ‘n bevel wat sy nie kan verontagsaam nie.

121. Hy verstaan hoekom Veronica voel dat sy moet weggaan, want hy het ook ‘n droom nagejaag toe hy jonk was en verstaan dus die verpligting wat dit op ‘n mens lê.

122. Sy droom het hom nie uit die Vallei geneem nie en binne sy lewenservaring beteken weggaan uit die Vallei verlies. Hy kan nie verstaan dat hy Veronica óók moet verloor nie.

123. Veronica se weggaan sal vir hom ‘n teken wees dat die Vallei besig is om te verander en sy “selfsugtige kant” wil hê dit moet dieselfde “ongerepte, onskuldige wêreldjie” bly wat dit was toe hy dit leer ken het. Hy is nie so dapper oor verandering as wat hy probeer voorgee om te wees nie. Hy is ook jaloers op Veronica se jeug en drome en toekoms terwyl syne verby is.

HANDELINGSGEHEEL 18

124. Om ‘n ‘n “mistroostige hopie ellende en wanhoop” te wees sou vir Buks, ‘n “eerbare ou soldaat”, ‘n “oneerbare ontslag” uit die lewe wees.

125. Hy vergelyk die nat, sagte, geurige grond, deurdrenk met die eerste lentereën met ‘n vrou, sê dis beter as ‘n vrou en nooi dan vir Buks uit om saam met hom die pampoenpitte te plant.

126. Buks aanvaar Die Skrywer se uitnodiging, want Die Skrywer sê “Dis reg, KOM!”

ENKELE GEDAGTES BY DIE ONDERWERPE VIR BESPREKING

1.1 Abraam Jonkers se droom is eenvoudig. Dit is aan hom gegee deur sy vader toe hy nog ‘n klein seuntjie was. Hy sou ‘n goeie man wees wat hard werk in sy akkers, sy gesin en naaste liefhet en God aanbid. Dan sou die lewe vir hom soet wees. Buks wy sy lewe aan dié ideaal.

Veronica droom daarvan om die Vallei te verlaat en in die grootstad van Johannesburg ‘n beroemde sanger te word.

Die Skrywer droom om die lewe in die stad vaarwel te roep en terug te keer na ‘n stukkie van sy Karoo-aarde waar hy weer die “basiese” en “egte” dinge van die lewe kan najaag – weg van die dol bestaan in die toneelwêreld. Hy sien homself saans op sy stoep sit na ‘n goeie dag se prosa skryf.

1.2 Buks en Veronica se drome bots omdat Veronica nie Buks se liefde vir sy akkers deel nie en hy nie kan insien dat dit nie vir haar belangrik is nie.

Die Skrywer se droom bots met Buks se belange aangesien die koop van die Landman-huis Buks se akkers in gedrang bring.

2.1 Laat die leerders in groepe van ongeveer drie of vier verdeel. Ken aan elke groep ‘n paar bladsye toe en laat hulle die verwysings na “sing”, “lied” en “musiek” neerskryf.

2.2 Laat hulle nou die verwysings groepeer rondom die drie karakters en dan besluit watter rol musiek/lied/sing in elke karakter se lewe speel.

3. Laat die leerders weer in groepe van drie of vier elk verdeel. Laat elke groep ‘n ander onderwerp navors uit die volgende lys:

* Die regte en voorregte van blankes in die ou Suid-Afrika
* Die beperkinge wat die apartheidsregime op bruin en swart mense gelê het in die ou Suid-Afrika
* Die val van apartheid
* Grondeise in die Nuwe Suid-Afrika
* Die Grondwet van die Nuwe Suid-Afrika

Laat elke groep in die klas terugvoering gee oor hul navorsing.

Laat hulle nou in groepe praat oor die kwessie van grondbesit en eienaarskap soos dit in die drama uitgebeeld word. Wys hulle daarop dat elke karakter se houding teenoor die kwessie belangrik is: Buks as lid van die voorheen benadeelde nie-besittersklas, Die Skrywer as voorheen bevoordeelde en Veronica as jeugdige wat nie die gruwels van apartheid eerstehands beleef het nie.

4. Die kontraste is in die kort vrae oor elke handelingsgeheel aangespreek. Laat die leerders dit weer in groepe bespreek.

Die onderwerpe vir 5 tot 9 het geen regte of verkeerde antwoorde nie. Dit kan gebruik word vir spontane klasbesprekings.

Die onderwerp by 10 kan gebruik word as ‘n navorsingsopdrag indien verkies.

11. Leerders kan weer hierdie verwysings in hul groepe soek. Dit kan in kompetisievorm gedoen word: Ken ‘n prys toe aan die groep wat eerste by die antwoord kom.

12. Laat die leerders in hul groepe die definisies van protagonis, antagonis en tritagonis op bl. 14 lees en dan besluit of die karakters in hierdie drama hierdie tradisionele rolle vervul al dan nie. Indien wel, laat hulle besluit watter karakter watter rol speel.

13. Verdeel die klas in ses groepe. Laat twee groepe die karakterskets van Buks doen, twee dié van Veronica en twee Die Skrywer. Laat elke groep daarna terugvoering gee oor hul bevindings.

AANVULLENDE GEDAGTES OOR DIE DRAMA

Die drama begin en sluit af met Die Skrywer wat ‘n handvol pampoensaad – simbool van vrugbaarheid – aan die gehoor voorhou. Die pampoensaad verteenwoordig ook die siklus van die lewe wat sentraal in die drama en in die lewens van die karakters staan. Soos wat die saad in die grond geplant word, ontkiem met die eerste reën en sonskyn, groei tot pampoenranke en uiteindelik groot platwitboerpampoene wat weer oorsprong gee aan saad, so ervaar die karakters geboorte, groei, dood en herlewing.

Elke karakter het sy eie besondere verbondenheid met die aarde en word beïnvloed deur die siklus van geboorte en dood in die natuur. Vir Buks was die grond sy lewe sedert sy kinderdae. Jaarliks plant hy die pampoensaad in die grond, versorg dit, oes sy pampoene en wanneer die winter kom, en die land rus, wag hy op die komende lente sodat die sikuls

herhaal kan word.

Die siklus ervaar hy ook in sy eie lewe in die geboorte van sy dogter wat grootword, wegloop stad toe en sterf, sy vrou wat oud word en sterf en uiteindelik sy kleindogter wat op die punt staan om die grond van die Vallei te verlaat. So is Buks keer op keer getuie van die siklus van geboorte en dood en geboorte en dood. Ten slotte word dit die land wat hom red daarvan om ‘n “mistroostige hopie van ellende en wanhoop” te bly wanneer Die Skrywer hom aan die slot verlei om weer die pampoensaad te plant sodat hy nog ‘n keer die siklus van lewe kan ervaar.

Vir Veronica is die grond iets wat haar gevange hou en van haar oupa ‘n slaaf maak. Al ervaar sy ook die “heilige glansende kring van geboorte en dood en geboorte en dood” in die Vallei, is sy nie tevrede met die lewe wat dit haar bied nie. Sy is deel van ‘n nuwe geslag en sy het andersoortige versorging nodig – die versorging van haar siel en droom sodat sy die lewe in sy volheid kan ervaar.

Die Skrywer, soos Buks, bevind hom naby aan die einde van sy lewensiklus en sy begeerte is om na sy geboortegrond terug te keer, terug na die basiese en egte dinge van die lewe, soos hy dit self verwoord. Die suggestie is dat hy baie jare buite die Vallei, in grootstede gewoon en gewag het vir sy land om te groei na vryheid van vooroordele. Hy sien die begin van dié verandering en is gereed om oor te gee aan die nuwe geslag.